basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## NOVEMBER 2017

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B – nasionale inkome styg ✓✓
1.1.2 A – kapitaal ✓✓
1.1.3 D – meriete ✓✓
1.1.4 C – ekonomiese unie ✓✓
1.1.5 B – Nasionale Ontwikkelingsplan ✓✓
1.1.6 C – fiskale ✓✓
1.1.7 D – lewensverwagting ✓✓
1.1.8 A – ontwikkelings- ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D – markte is inherent stabiel en het nie owerheidsinmenging nodig nie ✓

1.2.2 E – wys die rigting waarin die ekonomie moontlik gaan beweeg ✓

1.2.3 A – vloeibare bates deur die IMF beskikbaar gestel om tekorte op die betalingsbalans (BB) te finansier ✓

1.2.4 H – wisselkoersstelsel waar die waarde van die geldeenheid slegs deur markkragte bepaal word ✓

1.2.5 I – deur die staat verskaf vir gebruik deur alle lede van die samelewing, byvoorbeeld openbare biblioteke ✓

1.2.6 G – die staat neem eienaarskap van ondernemings en bates in private besit ✓

1.2.7 B – verskaf finansiële ontwikkelingsbystand meestal aan ontwikkelende lande ✓

1.2.8 C – deur die Reserwebank gehef op ander finansiële instellings vir uitleenbare fondse ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE EEN TERM

1.3.1 Bruto binnelandse produk ✓
1.3.2 Laffer ✓
1.3.3 Invoervervanging ✓
1.3.4 Korridor ✓
1.3.5 Deregulering ✓
1.3.6 Grondrestitusie ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van indirekte belasting.**

- Belasting op toegevoegde waarde (BTW) ✓
- Aksynsregte / sondebelasting ✓
- Invoerregte / doeaneregte ✓ (2 x 1)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.1.2 **Watter uitwerking sal 'n daling in die kontantreserwevereiste van handelsbanke op die totale geldvoorraad hê?**

Die totale geldvoorraad sal styg ✓✓ / positiewe uitwerking ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die rede waarom die ekonomie alreeds in 'n resessie verkeer.**

Die ekonomiese groeikoers is minder as die bevolkingsgroeikoers ✓
Die skerp daling in wêreldwye vraag ✓ (1)

2.2.2 **Wat was die BBP-groeikoers in die 1ste kwartaal van 2016?**

-1,2 % ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks *opemarktransaksies* as 'n monetêre beleidsinstrument.**

- SARB kan die geldvoorraad in sirkulasie direk verlaag of verhoog deur koop en verkoop van staatsekuriteite in die opemark ✓✓
- Opemarktransaksies beïnvloed die voorraad geld in omloop, wat op sy beurt 'n uitwerking het op verbruik en investering ✓✓
- Die SARB verkoop staatsobligasies op die opemark wat die geldvoorraad verminder ✓✓
- As handelsbanke staatsekuriteite koop, verminder hul geldvoorraad en kan minder krediet beskikbaar gestel word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.2.4 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering fiskale beleid gebruik om die ekonomie te stimuleer?**

Die fiskale beleid kan gebruik word om die ekonomie stimuleer deur:
- Verhoging in staatsbesteding (G) deur geld te leen (vir begrotingstekort) / totale besteding en vraag sal styg, ekonomie word gestimuleer en indiensneming neig om toe te neem ✓✓
- Verlaging in belastings lei daartoe dat verbruikers en produsente 'n groter deel van hul inkome beskikbaar het om op goedere en dienste te spandeer / of investering ✓ / totale besteding styg ✓ indiensneming styg ✓
- Verhoging in owerheidsbesteding tesame met 'n verlaging in belastings ✓✓ sal 'n sterk uitwerking op verhoogde staatsbesteding hê, terwyl verbruikers en produsente meer spandeer ✓ of te investeer ✓ vraag sal aansienlik toeneem ✓en indiensneming styg ook ✓✓ (2 x 2) (4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Watter subrekening in die betalingsbalans sluit reserwebates in?**

Finansiële rekening ✓ (1)

2.3.2 **Watter instelling is verantwoordelik vir die publisering van die betalingsbalans?**

Suid-Afrikaanse Reserwebank / SARB ✓ (1)

2.3.3 **Hoe kan Suid-Afrika 'n netto invloei van kapitaal verseker?**

'n Netto invloei van kapitaal word verseker deur:
- bevordering van uitvoere deur subsidies aan produsente ✓✓
- vermindering van invoere deur invoervervanging en verhoogde tariewe ✓✓
- aanmoediging van buitelandse direkte investering ✓✓
- hervorming van strukturele beleid wat die langtermyn voordele van internasionale kapitale bewegings maksimeer ✓✓
- bv. finansiële en produktemark regulering – het ‘n groot uitwerking op netto buitelandse kapitaal posisies ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3.4 **Gebruik syfers in die tabel hierbo om die handelsbalans (A) te bereken. Toon alle berekeninge.**

Handelsbalans = Goedere-uitvoere = 276 349 ✓
+ Netto gouduitvoere = 13 777 ✓
– Goedere-invoere = 270 258 ✓
= R19 868m ✓

OF

(276 349 ✓ + 13 777 ✓ – 270 258 ✓ = R19 868m ✓) (4)

2.4 **Onderskei tussen *geldvloei* en *reële vloei* in die ekonomiese kringloop model.**

Geldvloei:

- Faktorvergoeding verteenwoordig die besteding van produsente ✓✓
- Die inkome van huishoudings bv. lone, huur, rente en wins ✓✓
- Verbruiksbesteding verteenwoordig die besteding van huishoudings en die inkome van produsente ✓✓
- Owerheid en buitelandse sektorbetalings ✓✓
- Betalings vir invoere (besteding) en uitvoerverdienste (inkomste) ✓✓

(Maks 4)


Reële vloei:

- Produksiefaktore vloei van die eienaars (huishoudings) na die produsente via die faktormarkte ✓✓
- Goedere en dienste vloei van die produsente deur die goederemarkte na die huishoudings en ander gebruikers van goedere en dienste ✓✓
- Produksiefaktore en goedere en dienste vloei van die buiteland na Suid-Afrika (invoere) ✓✓
- Produksiefaktore en goedere en dienste vloei van Suid-Afrika na die buiteland (uitvoere) ✓✓

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Aanvaar tabelvorm of ‘n diagram van die ekonomiese kringloop-model)


(Maks 4) (8)

2.5 ***Verduidelik, met die hulp van 'n netjies benoemde grafiek, die uitwerking op die waarde van die rand, as daar 'n skerp toename in die aantal Suid-Afrikaanse toeriste is wat die VSA besoek.***




| **Puntetoekenning:** |
|---|
| Korrekte benoeming van asse = 1 punt |
| Korrekte benoeming op asse = 1 punt |
| Verskuiwing van vraagkromme na regs = 2 punte |
| **Maks. 4 punte** |

- 'n Toename in toeriste wat die VSA besoek sal lei tot 'n groter vraag na dollars by SA-toeriste ✓✓
- Dit sal die vraagkromme (vir dollars) laat skuif na regs (van VV na $V_1V_1$) ✓✓
- Dit sal lei tot 'n styging in die waarde van die dollar (van R13 tot R15) ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)




| **Puntetoekenning:** |
|---|
| Korrekte benoeming van asse = 1 punte |
| Korrekte benoeming op asse = 1 punt |
| Aanbodkromme verskuif na regs = 2 punte |
| **Maks. 4 punte** |

- ‘n Styging in die aantal toeriste wat die VSA besoek, sal lei daartoe dat SA toeriste meer rande aanbied ✓✓
- Dit sal die aanbodkromme (vir dollars) na regs verskuif (van AA na $A_1A_1$) ✓✓
- Dit sal lei tot die appresiasie van die waarde van die VSA-dollar en die rand wat depresieer (van R0,76 na R0,66) ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Noem enige TWEE terreine wat deur die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram geraak word.**

- Behuising ✓
- Watervoorsiening ✓
- Elektrisiteit ✓
- Gesondheidsorg ✓
- Ontwikkeling van menslike hulpbronne ✓
- Bou van die ekonomie ✓
- Grondhervorming ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord/township of informele nedersetting) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Watter uitwerking het 'n lae ekonomiese groeikoers op armoede?**

'n Lae ekonomiese groeikoers sal 'n <u>toename in armoede</u> veroorsaak ✓✓ / negatiewe effek ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die sosiale aanwyser in die inligting hierbo.**

Onderwys / verstedeliking ✓ (1)

3.2.2 **Watter persentasie van die BBP word aan onderwys spandeer?**

6,2 ✓✓ (1)

3.2.3 **Verduidelik kortliks *verstedeling* as 'n sosiale aanwyser.**

- Verstedeliking verwys na die beweging van mense vanaf landelike na stedelike gebiede ✓✓
- Dit gebeur as gevolg van:
  - Die stigting van nuwe dorpe ✓✓
  - Die natuurlike groei van die stedelike bevolking ✓✓
  - Persentasie van die bevolking wat in stedelike gebiede bly ✓✓
  - Migrasie, wat landelik-stedelik of internasionaal kan wees

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.2.4 **Wat het tot die hoë uitvalkoers (82,2%) van die sekondêre na die tersiêre instellings gelei?**

- Matriek druipelinge ✓✓
- Voldoen nie aan toelatingsvereistes nie ✓✓
- Gebrek aan motivering ✓✓
- Maatskaplik-ekonomiese redes ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer 'n land in die buiteland wat 'n BRICS-lid is.**

China ✓ (1)

3.3.2 **Hoeveel potensiële werksgeleenthede sal China se investerings-belofte vir Suid-Afrika skep?**

Meer as 2 500 werksgeleenthede ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die rol van die Nywerheidsontwikkelings-korporasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

- Die NOK is 'n nasionale ontwikkelings- en finansierings-instelling ✓✓
- Verseker genoegsame finansiële en nie-finansiële bystand vir nywerheidsontwikkeling ✓✓
- Bevordering van entrepreneurskap deur die bou van mededingende nywerhede en sakeondernemings gebaseer op gesonde sakebeginsels ✓✓
- Diversifikasie van die ekonomie deur weg te beweeg van die ekonomie se afhanklikheid van tradisionele kommoditeite ✓✓
- Verhoogde toegevoegde waarde-aktiwiteite deur voordele af te wentel tot voetsoolvlak ✓✓
- Vestiging van intensiewe nywerheidsprosesse oor die langtermyn in SA gerig op ‘n kennisgedrewe ekonomie ✓✓
- Bevorder ‘n arbeidsintensiewe nywerheidsbenadering ✓✓
- Breëbasis nywerheidsgroei deur groter deelname van histories-benadeelde mense en gemarginaliseerde streke in die hoofstroom van die nywerheidsekonomie ✓✓
- Lewer ‘n bydrae tot nywerheidsontwikkeling op die Afrika kontinent met aktiewe ondersteuning van produktiewe kapasiteit en ‘n verhoogde streekshandel-integrasie ✓✓
- Werkskepping ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)
Enige (2 x 2)

3.3.4 **Verduidelik die positiewe uitwerking, buiten werkskepping wat hierdie investering moontlik op die Suid-Afrikaanse ekonomie, sal hê.**

- Dit open nuwe markte ✓✓
- Dra by tot 'n positiewe waarde in die land se betalingsbalans/ lopende rekening ✓✓
- Verbeter verhoudings op die kontinent ✓✓
- Verdien buitelandse valuta ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
Enige (2 x 2) (4)

3.4 **Verduidelik enige TWEE uitdagings van *globalisering* vir ontwikkelende lande (Noord-/Suid-verdeling).**

Armoede ✓
- Die armoedegaping word steeds groter tussen ryk en arm ondanks globalisering ✓✓
- Die armste onder die armes neem steeds toe ✓✓ (Maks 4)

Groei ✓
- Ontwikkelde lande wat in staat is om eerlike regerings in te stel, met 'n lae inflasiekoers en begrotings wat klop – teenoor ontwikkelende lande wat nie in staat is om BDI te trek wat noodsaaklik is vir ekonomiese groei nie ✓✓
- As ontwikkelde lande sukkel met 'n resessie, skaal hulle aankope in ontwikkelende lande af ✓✓ (Maks 4)

Handel ✓
- Ryk lande subsidieer hul landbouproduksie en ontwikkelende lande kan nie meeding nie ✓✓
- Hulle dring aan daarop dat ontwikkelende lande hul tariewe op vervaardigde goedere afstel ✓✓
- Meeste van die arm lande het beperkte buitelandse handel ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
Enige (2 x 4) (8)

3.5 **Hoe kan die implementering van streeksontwikkelingsbeleide die lewenstandaard in Suid-Afrika verbeter?**

Streeksontwikkelingsbeleide mag die lewenstandaard verbeter deur:
- beperking van die effek van ekonomiese sentralisering; en desentralisering van aktiwiteite na agtergeblewe gebiede ✓✓
- te poog om die voordele van 'n meer gelyke streeksontwikkeling te bevorder deur arbeid, natuurlike hulpbronne en infrastruktuur in agtergeblewe gebiede aan te wend ✓✓
- verligting van grootskaalse werkloosheid deur groter beskikbaarheid van nuwe werksgeleenthede ✓✓
- aanwending van buitelandse direkte investering in landelike gebiede wat sal lei tot infrastruktuur ontwikkeling ✓✓
- bevordering van toenemende inwaartse belegging ✓✓
- netwerk en deel innovering wat sal lei tot 'n veranderde manier van doen in gemeenskappe ✓✓
- verlening van bystand in die verbetering van bestuur van besighede deur die skepping van 'n volhoubare sakekultuur ✓✓
- behou die volhoubare kapasiteit van 'n streek om sy eie ontwikkeling te ondersteun, en die natuurlike en menslike hulpbronne behoort werkskepping en volhoubare ontwikkeling te skep ✓✓
- verskaf voldoende hulpbronne in hulpbron-arm gebiede, soos die ontwikkeling van infrastruktuur / ontwikkeling is 'n multi-dimensioinele proses ✓✓
- verbeter die kwaliteit onderwys en gesondheidsorg in 'n streek deur goedopgeleide / geskoolde rolspelers ✓✓

(8)

- volg ‘n geïntegreerde benadering om te verseker dat die voordele van een streek oorspoel na ander nywerhede en gebiede ✓✓
- bou publieke/privaat vennootskappe om plaaslike ontwikkeling te stimuleer en toegang te gee tot staatsbronne ✓✓
- ontwikkel streeks-padkaarte met unieke programme vir verskillende streke, gebaseer op hul spesifieke sterkpunte en geleenthede ✓✓
- ontwikkel SES’e in landelike gebiede / kleiner dorpe ✓✓
- diversifiseer die ekonomie van ‘n tradisioneel mynbou/landbou basis tot vervaardiging en aktiwiteite in die dienstesektor wat uitgevoer kan word ✓✓
- owerheidsinmenging deur die owerheid in onderwys en opleiding om die vaardigheidsbasis te ontwikkel, invloei van tegnologie te reguleer en binnelandse navorsing te bevorder ✓✓
- ontwikkeling en instandhouding van toepaslike aansporing aan produsente, vermoëns en instellings op beide nasionale en streeksvlak✓✓
- stimulering van samewerking tussen die privaatsektor, publieke sektor en die plaaslike gemeenskap – gemeenskappe het spesifieke behoeftes en moet arbeid en vaardighede vir ontwikkeling verskaf ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
Maks (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE groeistrategieë wat in Suid-Afrika gebruik word.**

- Groei, Indiensneming en Herverdeling (GEAR) ✓
- Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika (Asgi-SA) ✓
- Gesamentlike Inisiatief in Voorkeur-vaardigheidsverkryging (JIPSA) ✓
- Nuwe Groeipad (NGP) ✓
- Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) ✓
- Kleinsake-ontwikkeling bevorderingsprogram ✓
- Nywerheidsbeleid-aksieplanne (IPAP) ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Wat bepaal die grootte van die vermenigvuldiger?**

Die marginale verbruiksgeneigdheid/spaargeneigdheid/mvg/msg ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die nasies wat deur die miere in die spotprent voorgestel word.**

Ontwikkelende ✓ (1)

4.2.2 **Watter internasionale organisasie hierbo, bevorder vryhandel?**

Wêreldhandelsorganisasie (WHO) ✓ (1)

4.2.3 **Wat is die voordele van invoervervanging vir ontwikkelende lande?**

- Dit is maklik om te implementeer deur die instelling van tariewe en kwotas ✓✓
- Nywerheidsontwikkeling word aangemoedig met 'n styging in ekonomiese groei ✓✓
- Meer werksgeleenthede ✓✓
- 'n Afname in invoere het 'n positiewe uitwerking op die betalingsbalans ✓✓
- Lei tot 'n breër nywerheidsbasis omdat 'n groter verskeidenheid goedere vervaardig word / groter keuse ✓✓
- Die land is minder kwesbaar vir buitelandse aksies en toestande bv. skielike prysstygings en sanksies ✓✓
- Die bevordering van handel in plaaslike landbouprodukte ✓✓
- Toegang tot internasionale fondse / kapitaal benodig vir groei en ontwikkeling ✓✓
- Verminderde afhanklikheid van arbeidsintensiewe nywerhede omdat werkers meer geskoold raak ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.2.4 **Hoekom is ontwikkelende lande (ontwikkelende nasies) teen vryhandel gekant?**

Ontwikkelende nasies is gekant teen vryhandel omdat:

- dit plaaslike nywerhede vernietig ✓✓
- daar stygende werkloosheid is en 'n daling in ekonomiese groei ✓✓
- ontwikkelde nasies van ontwikkelende lande verwag om hul handelsversperrings te verwyder sonder dat hulle dit self doen ✓✓
- hulle dit moeilik vind om met ontwikkelende lande mee te ding, want nywerhede in ontwikkelde lande ontvang subsidies ✓✓
- dit meer armoede veroorsaak ✓✓
- monopolieë kan ontstaan wat pryse en handel manipuleer ✓✓
- afhanklikheid in handel – lande is blootgestel aan ekonomiese skokke ✓✓
- ondermyn kulturele diversiteit – die inheemse kultuur gaan verlore omdat inheemse groepe ontwortel is van hul kultuur✓✓
- die diefstal van intellektuele eiendom – hulle het nie 'n mate van beskerming van patente en uitvindings nie ✓✓
- die vermindering van belastinginkomste a.g.v. verwydering van tariewe ✓✓
- verhoogde produksievlakke lei tot grootskaalse besoedeling ✓✓
- ontwikkelde lande implementeer streng sanitêre en gesondheid standaarde vir goedere uit ontwikkelende lande ✓✓
- "Armste lande word opsy geskuif vir 'n meer ambisieuse korporatiewe agenda ..."

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die belangrikste sektor wat die ekonomie 'n hupstoot (groei) kan gee.**

Gevorderde vervaardiging ✓ (1)

4.3.2 **Noem EEN probleem in die inligting, wat tans in Suid-Afrika ervaar word en ekonomiese groei keer.**

- Grootskaalse werksverliese ✓
- Lae ekonomiese groeivlakke ✓
- 'n Gebrek aan vertroue by buitelandse beleggers ✓
- Onsekerheid by die implementering van beleide ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die belangrikste doelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan.**

- Verenig alle Suid-Afrikaners in 'n gemeenskaplike program van voorspoed en gelykheid ✓✓
- Bevorder aktiewe landsburgers wat ontwikkeling versterk, asook demokrasie en aanspreeklikheid ✓✓
- Vinniger ekonomiese groei, hoër investering en groter arbeids-absorpsie ✓✓
- Gefokus op sleutelvaardighede van mense en die staat ✓✓
- Bou 'n bevoegde ontwikkelingstaat ✓✓
- Moedig sterk leierskap aan dwarsdeur die gemeenskap, gerig op samewerking in die oplos van probleme ✓✓
- Bou 'n inklusiewe ekonomie ✓✓ soos landelilke ontwikkeling, 'township' herlewing en sterker Afrika-handel ✓✓ (2 x 2) (4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.3.4 **Hoe kan die owerheid en privaat sektor kragte saamsnoer om genoeg werksgeleenthede te skep?**

- Die owerheid kan 'n nouer verhouding ontwikkel met die privaatsektor ✓✓ bv. die bou van paaie terwyl die privaatsektor dit onderhou / PPV en NEDLAC ✓
- Beide deel 'n gesamentlike visie en verantwoordelikheid deel, wat sal lei tot groei in die ekonomie ✓✓
- Die staat ontwikkel arbeidsvriendelike wette wat positief bydra tot arbeidsvrede, terwyl die privaatsektor investeer in meer werksgeleenthede ✓✓
- Die staat verskaf subsidies aan die privaatsektor hoofsaaklik vir jeug indiensneming ✓✓ bv. internskappe / sosiaal korporatiewe investering ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Enige (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks goeie staatsbestuur en mededingendheid as geskikte streeks-ontwikkelingsmaatreëls in terme van normkriteria ('benchmark criteria').**

Goeie staatsbestuur:
- Streeksontwikkelingstrategieë moet effektief bestuur word vry van korrupsie ✓✓
- Demokratiese besluitneming neem die standpunte van verskillende rolspelers in die ekonomie in ag ✓✓
- Deursigtigheid beteken om vryelik en openlik by mense betrokke te raak om hul menings in ag te neem ✓✓
- Behoorlike finansiële bestuur en beheer verseker dat hulpbronne nie vermors word nie ✓✓
- Oefen beheer uit oor die beperking, monitering en sukses van nywerheidsbeleide sowel as gereelde rapportering ✓✓ (2 x 2)

Mededingendheid:
- Nywerhede of besighede wat gestig is as gevolg van streeksbeleide, moet kompeterend wees ✓✓
- Benodig geen voortgesette finansiële hulp van die regering nie ✓✓
- Bevorder volhoubaarheid sodat streke hul eie ontwikkeling ondersteun ✓✓
- Verskaf die nodige infrastruktuur in alle gebiede om mededingend te wees ✓✓ (2 x 2)

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (8)

4.5 **Gebruik die BBP data om die belangrikheid van bewegende gemiddeldes in die vooruitskatting van sakesiklusse te verduidelik.**

- 'n Bewegende gemiddelde is 'n hulpmiddel wat gebruik word om veranderinge te ontleed wat voorkom in 'n tydreeksdata oor 'n sekere periode ✓✓
- Dit word bereken om klein fluktuasies uit te stryk en neigings in die sakesiklus uit te wys ✓✓
- Die gegewe data kan gebruik word om die bewegende gemiddelde vir die sakesiklus te bereken vir die afgelope 3 jaar met die doel om kleiner fluktuasies uit te stryk en die tendens oor die afgelope 3 jaar aan te dui ✓✓
- Die kwantitatiewe metode doen die vooruitskatting gebaseer op wiskundige modelle, statistiek en historiese tydreeksdata ✓✓
- Dis duidelik uit die historiese tydreeksdata voorsien, dat getalle versamel is op gereelde intervalle of vir 'n sekere periode en toon 'n spesifieke neiging ✓✓
- Dit kan die BBP-syfers oor die afgelope 5 jaar wees ✓✓
- Hierdie metode is akkuraat as dit vir die kort- en mediumtermyn vooruitskatting gebruik word ✓✓
- Bewegende gemiddeldes word bereken oor 'n sekere tydperk (bv. 'n paar maande) om kleiner fluktuasies in die data uit te stryk ✓✓
- Deur bewegende gemiddeldes te gebruik wat uit die gegewe data bereken is, kry ekonome 'n duideliker prentjie van die algemene neigings in die sakesiklus ✓✓

- Die kwalitatiewe metode doen vooruitskatting gebaseer op die intuïtiewe oordeel, eie opinies, marknavorsing en subjektiewe waarskynlikheid-skattings ✓✓
- Dit staan ook as die intuïtiewe oordeelsmetode bekend ✓✓
- Hierdie metode is geskik om te gebruik as vorige data nie beskikbaar is wanneer langtermyn vooruitskatting gedoen word nie ✓✓
- Bv. wanneer verskeie ekonomiese kundiges hul kennis gebruik en oordeel fel oor die toekoms en voorspellings oor die ekonomie maak ✓✓
- Die vyf jaar bewegende gemiddelde vir bg. tabel sou wees:
  - (5 + 8 + 9 + 11 + 4) / 5 = 7.4 ✓✓
  - ( 8 + 9 + 11 + 4 + 6) / 5 = 7,6 ✓✓
  - (9 + 11 + 4 + 6 + 10) / 5 = 8 ✓✓
- Deur die bewegende gemiddelde te bereken, sal ekonome of besighede in staat wees om ekonomiese neigings te analiseer (van 7 tot 8%) ✓✓

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Aanvaar die grafiek oor bewegende gemiddeldes maks 2)
(‘n Maksimum van 4 punte kan toegeken word as geen verwysing gemaak is van die gegewe data nie) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek enige VYF probleme van publieke sektorvoorsiening in Suid-Afrika volledig. (26 punte)**
- **Hoe kan die onregverdige verdeling van inkomste in Suid-Afrika opgelos word? (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

Alle lande benodig 'n publieke sektor wat dienste verskaf waar markte in gebreke bly om te lewer / die publieke sektor bestaan uit die sentrale owerheid verantwoordelik vir nasionale aangeleenthede (bv. sekuriteit), provinsiale owerheid verantwoordelik vir streeksaangeleenthede (bv. behuising) en plaaslike owerhede verantwoordelik vir straatbeligting ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**HOOFDEEL**

**1. Gebrek aan rekenpligtigheid/Aanspreeklikheid ✓**

- <u>Definisie</u>: Om verslag te doen oor **besluite** en **aksies** wat geneem is en **uitgawes** wat aangegaan was oor ‘n periode ✓✓
- Die mense verwag dat die staat belastings sal gebruik vir die doelwit waarvoor dit ingesamel is en om nie hul mag te misbruik nie ✓✓
- Persone wat deur die staat in diens geneem word, dien nie altyd die belange van die publiek nie ✓✓
- Hulle poog om hul salarisse, status en mag te maksimeer en hoef nie ‘n wins/verliesstaat op te stel nie. Hulle is begroting gedrewe ✓✓
- Die staat poog om hierdie probleem te oorkom deur staatsamptenare aanspreeklik te hou aan die publiek ✓✓

In Suid-Afrika is die grondslag van rekenpligtigheid:

- Ministeriële aanspreeklikheid: ministers is segsmanne by elke staatsdepartement ✓✓
  Die DG van elke department is aanspreeklik vir aktiwiteite van daardie departement ✓✓
- Portefeulje-komitees: monitor individuele departemente en doen aanbevelings aan parlement ✓✓
- Staatskasbeheer: Nasionale tesourie is verantwoordelik vir bestedingsbeheer. Die tesourie-komitee onder voorsitterskap van minister van finansies, evalueer deurlopend alle aansoeke vir addisionele befondsing deur die jaar ✓✓
- Die Ouditeur-Generaal skryf elke jaar ‘n verslag in elke staatsdepartement. Hy rapporteer aan parlement oor die standard van finansiële bestuur en lig gevalle van bedrog en ongemagtigde besteding uit ✓✓ (Maks 6)

**2. Ond*oeltreffendheid:***

- Rekenpligtigheid waarborg nie doeltreffendheid nie ✓✓
- Openbare goedere word doeltreffend geproduseer indien pareto-doeltreffedheid bereik word bv. indien hulpbronne so toegewys word dat niemand beter daaraan toe is sonder dat iemand anders swakker daaraan toe is nie.

*3 redes vir ondoeltreffendheid*:

- Burokrasie ✓(amptelike reëls en prosedures) ✓✓ Amptenare kan fokus op korrekte prosedure en reëls en staan onverskillig teenoor die hoeveelheid (aantal pasiënte behandel) ✓✓ en kwaliteit diens (bv. verduidelik die gebruik van die medisyne) ✓✓ Sommige mag onsensitief staan teenoor die behoeftes van hul kliënte ✓✓
- Onbevoegdheid ✓ d.i. die gebrek aan vaardigheid of vermoë om die taak behoorlik uit te voer ✓✓ Dit kan die gevolg wees van swak kwalifikasies, gebrek aan opleiding, ondervinding en ‘n apatiese houding ✓✓
- Korrupsie ✓ d.i. die misbruik van ‘n posisie vir persoonlike voordeel ✓✓ Neem omkoopgeld, betrokke by korrupsie, nepotisme, oneerlikheid en diskriminasie ✓✓

(Maks 6)

**3. Moeilikheid met die assessering van behoeftes** ✓

- In die <u>privaatsektor</u> bepaal vraag- en aanbodkragte die pryse ✓✓
- Die <u>markpryse</u> dien as ‘n aanduiding aan produsente wat die behoeftes van verbruikers is, asook die hoeveelheid wat gevra word ✓✓
- <u>Staatsbeheerde ondernemings</u> funksioneer nie volgens die markkragte van vraag en aanbod nie ✓✓
- Dit is dus moeilik vir staatsbeheerde ondernemings om die behoeftes van verbruikers te bepaal, en hulle is geneig tot <u>onder- of oorverskaffing van publieke goedere</u> ✓✓ (Maks 6)

**4. Prysbeleid** ✓

- In ‘n markekonomie word pryse vasgestel deur die wisselwerking van **<u>vraag en aanbod,</u>** op die punt waar hoeveelheid gevra gelyk is aan hoeveelheid aangebied ✓✓
- Staatsbeheerde ondernemings werk nie binne die markstelsel van vraag en aanbod nie ✓✓ Dit skep probleme in die bepaling van die prys vir publieke goedere en dienste ✓✓
- Die staat staan voor die volgende opsies:
  - Gratis dienste – koste gedek deur belasting – bv. vloedbeheer ✓✓
  - Gebuikerstariewe – bv. koste van dubbelrylaan van tolgeld verhaal ✓✓
  - Subsidies – die staat hef ‘n verminderde fooi by die verbruiker.
- Die prysstrategie gebruik hang af van:
  - Tegnologiese faktore (hoe maklik dit is om ‘n fooi te hef bv. tolhekke) ✓✓
  - Ekonomiese faktore (bv. verskaffing van elektrisiteit – moeilik om gratis te verskaf) ✓✓
  - Politiese faktore (bv. gratis gesondheidsorg vir werkloses en absolute armes) ✓✓ (Maks 6)

**5. Parastatale (SBO’s)** ✓

- Die staat kan ‘n onderneming op 2 maniere begin, nl. om dit te voorsien of te nasionaliseer ✓✓
- Hulle moet optree **<u>binne ‘n raamwerk</u>** van <u>openbare beleid</u> ✓✓
- Sommige parastatale verstaan nie hul konstitusionele verpligtinge nie en is nie in staat om ekonomiese- en sosiale regte aan te spreek en daarvolgens te handel nie ✓✓
- SBO’s het beperkte aanspreeklikheid en maak die land minder afhanklik van ander lande, skep infrastruktuur vir vooruitgang ✓✓

**6. Privatisering** ✓

- Sommige ekonomie glo dat die probleme geassosieer word met publieke verskaffing van goedere en dienste wat oorkom kan word deur staatsbeheerde ondernemings aan die privaatsektor oor te dra ✓✓

| | |
|---|---|
| **Privatisering** | die verkoop van staatsbates en openbare ondernemings aan die privaatsektor. ✓✓ |
| **Nasionalisering** | oorname van ondernemings wat in privaatbesit is, met of sonder vergoeding. ✓✓ |

- Daar is drie argumente ten gunste of teen privatisering:
  a) Die koste van instandhouding en bestuur van staatsbeheerde ondernemings is baie hoog ✓✓
  Positief –
  - Hierdie koste lei tot hoër belasting en publieke skuld ✓✓
  - Oordrag van eienaarskap van hierdie besighede en bates aan die privaatsektor kan lei tot laer persoonlike inkomstebelasting en kan publieke skuld verminder ✓✓

  Negatief –
  - Privatisering mag lei tot werkverliese (om maksimumwinste te verseker)✓✓
  - Privatisering kan verder lei tot prysstygings om volhoubare winste te verseker ✓✓

  b) Sommige mense glo dat private ondernemings is meer doeltreffend as publieke ondernemings ✓✓
  Positief -
  - Sommige mense reken dat die winsmotief in die privaatsektor verseker dat besighede meer doeltreffend funksioneer en goedere en dienste teen die laags moontlike pryse produseer ✓✓
  - Staatsbeheerde ondernemings aan die ander kand is burokraties, ondoeltreffend, en onsensitief teenoor verbruikerbehoeftes, swak bestuur, onkreatief en lae vlakke van produktiwiteit ✓✓
  - Privatisering kan lei tot groter ekonomiese doeltreffendheid en beter bestuur van die onderneming ✓✓

  Negatief –
  - Private beheerde ondernemings kan nie goedere en dienste verskaf teen dieselfde lae pryse as SBO's nie en mag lei tot markmislukking ✓✓

  c) Aangesien staatsbeheerde ondernemings nie funksioneer volgens die winsmotief nie, is hulle dikwels uitgelewer aan groot verliese, wat lei tot begrotingstekorte ✓✓
  Positief –
  - Hierdie begrotingstekorts moet gefinansier word deur hoër belastings of toenemende openbare skuld. Privatisering sluit fiskale probleme uit ✓✓

  Negatief -
  - Privatisering mag 'n groot deel van die bevolking uitsluit wat nie hoër pryse gehef deur private ondernemings kan bekostig nie, veral meriete / verbruiksgoedere wat basiese behoeftes bevredig ✓✓

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 5 probleme moet bespreek word. Noem en verduidelik van die probleme op 'n positiewe manier tel 'n maksimum van 3 punte. Die res van die punte moet die problematiese aard van elke aspek bespreek) Maks (26)

**ADDISIONELE DEEL**

Om 'n regverdige inkomeverdeling te verseker, oorweeg:

- meting van inkomeverdeling op 'n gereelde basis deur die Gini-koëffisiënt te gebruik soos vereis deur die VN ✓✓
- lewering van maatskaplike dienste meer doeltreffend veral in die landelike gebiede ✓✓
- meer doeltreffende gebruik van belastinggeld om 'n billike herverdeling te verseker en die wanaanwending van fondse te beperk / uitwissing van korrupsie en nepotisme ✓✓
- die doeltreffende gebruik van fiskale beleidsmaatreëls wat 'n meer gelyke verdeling van inkomste sal verseker ✓✓
- belas van inkomste op 'n progressiewe basis, sodat die belastinglas op laer inkomstegroepe laag is en daar meer gesteun word op die hoër inkomstegroepe ✓✓ Bv. inkomstebelasting ✓
  (Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **(**Maks 10)
  (‘n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir regstellende beleide, bv. SEB, grondrestitusie, regstellende aksie)

**SLOT**

Doeltreffende publieke sektor voorsiening in Suid-Afrika is kern tot 'n baie beter groeikoers, hoër indiensnemingskoers en 'n beter lewenstandaard vir almal ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) Maks (2) **[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- **Bespreek die volgende ekonomiese aanwysers volledig:**
  - **Produksie (10 punte)**
  - **Buitelandse handel (8 punte)**
  - **Geldvoorraad (8 punte)** **(26 punte)**
- **Hoe kan produktiwiteit meer <u>doeltreffend</u> gebruik word om die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevoordeel?** **(10 punte)**

### INLEIDING

Ekonomiese aanwysers is statistiese data rakende die prestasie en neigings van ekonomiese veranderlikes gebruik oor tyd ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Maks (2)

### HOOFDEEL

**Produksie**

- 'n Ekonomie se produksiekapasiteit is die maksimum uitset wat moontlik is met bestaande hulpbronne ✓✓
- Ekonomiese groei is 'n styging in die produktiewe kapasiteit van 'n ekonomie oor 'n tydperk ✓✓
- 'n styging in die produksie van goedere en dienste is 'n teken van ekonomiese groei, omdat dit dui op 'n toename in 'n land se kapasiteit produksie ✓✓

<u>BBP (Bruto Binnelandse Produk)</u> ✓
- Dit is die totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van 'n land oor 'n sekere tydperk ✓✓
- Nominale BBP (BBP teen huidige pryse) – dit is markpryse en verskaf die nominale BBP waarde ✓✓
- Markpryse beteken huidige pryse wat op die monetêre waarde van goedere en dienste dui ✓✓
- Huidige pryse is die basiese waarde aanwyser gebruik in die nasionale rekeninge ✓✓

<u>Reële BBP (BBP teen konstante pryse)</u> ✓
- Die groei prestasie van 'n ekonomie word gemeet in terme van reële BBP syfers ✓✓
- Nominale BBP kan nie gebruik word nie omdat die bedrag neig tot 'n oorskatting a.g.v. prysstygings ✓✓
- Reële BBP word verkry as die uitwerking van inflasie verwyder word uit die data bv. nominale groei is 8% en inflasie is 3% - dan sal die reële BBP 5% wees ✓✓

<u>Per capita reële BBP</u> ✓
- Per capita reële BBP word bereken deur die reële BBP-syfers te deel deur die totale bevolking ✓✓
- Dit word gebruik vir die volgende drie doeleindes:
  - Aanduiding van ekonomiese ontwikkeling ✓✓
  - Aanduiding van lewenstandaarde ✓✓
  - Vergelyking van lewenstandaarde ✓✓

- Owerhede se mikro-ekonomiese beleid is toegespits op spesifieke sektore en is betrokke op spesifieke maniere, by wisselwerking tussen besighede en verbruikers om ekonomiese sukses teweeg te bring ✓✓ bv. bevorder ekonomiese groei, ontwikkeling, produktiwiteit en investering in die ekonomie ✓ (Maks 10)

**Buitelandse handel**

Internasionale handel kan omskryf word as die verruil van goedere en dienste tussen twee of meer lande ✓✓

Wisselkoers ✓
- Dit kan gedefinieer word as die prys waarteen een geldeenheid vir 'n ander verruil word ✓✓
- Twee metodes by die berekening van die wisselkoers, is die indirekte en direkte metode waar meeste lande die direkte metode gebruik ✓✓
- Meeste lande het 'n aantal wisselkoerse, soortgelyk aan die rand en bv. as die rand appresieer teenoor die VSA dollar terwyl dit mag depresieer teenoor die euro ✓✓
- Veranderinge in die wisselkoers beïnvloed pryse van invoere en pryse verdien met uitvoere ✓✓
- Bv. die depresiasie van die rand teenoor die dollar sal lei tot duurder pryse vir VSA goedere in ons land, terwyl verdienste uit uitvoere na die VSA styg, alhoewel die volume dieselfde bly – die teenoorgestelde sal gebeur as die rand appresieer ✓✓
- Dit is dus belangrik vir beide die invoerder en uitvoerder om 'n oog te hou op wisselkoerse met hul handelsvennote ✓✓
- Dit is 'n belangrike aanwyser vir omtrent almal in die land aangesien dit beide pryse en beskikbaarheid beïnvloed ✓✓

Ruilvoet ✓
- Dis die verhouding tussen uitvoer- en invoerpryse ✓✓
- Alhoewel dit slegs in terme van prys uitgedruk word, sal veranderinge in die pryse 'n uitwerking toon op volume (hoeveelhede) ✓✓
- Bv. as die ruilvoet verswak, sal 'n groter volume vir uitvoer geproduseer en verkoop moet word, om uitvoerverdienste konstant te hou en volume van invoere volhoubaar ✓✓
- Die teenoorgestelde gebeur as uitvoerpryse styg en die ruilvoet verbeter ✓✓
- Veranderinge in die ruilvoet dien as 'n aanwyser van veranderinge wat mat oorspoel na die betalingsbalans bv. as dit verswak, mag 'n tekort volg, en as dit gebeur sal die geldeenheid depresieer en visa versa ✓✓ (Maks 8)

**Geldvoorraad**

- Die vlak van die geldvoorraad in die ekonomie is baie belangrik. SARB gebruik rentekoerse (repokoers) as die mees belangrike monetêre beleidinstrument om die geldvoorraad te beïnvloed ✓✓
- 'n Onderaanbod van geld in die ekonomie sal lei tot 'n inkrimping van ekonomiese aktiwiteite – daarom sal SARB die repokoers (rentekoers) verminder ✓✓
- 'n styging in die geldvoorraad (ooraanbod) sonder 'n styging in die aanbod van goedere en dienste, sal lei tot 'n styging in die algemene prysepeil (inflasie) wat mag lei tot inflasie oor die langtermyn ✓✓

SARB oorweeg dat die geldvoorraad die volgende insluit:

- M1 – dit sluit munte en note in sirkulasie in plus onmiddellik opeisbare deposito's in die banksektor ✓✓
- M2 – dis gelyk aan M1 plus alle ander korttermyn en mediumtermyn deposito's in die banksektor ✓✓
- M3 – dis gelyk aan M2 plus alle langtermyn deposito's in die banksektor ✓✓

(Maks 8)

(Ken maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (Maks 26)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**ADDISIONELE DEEL**

Produktiwiteit kan meer doeltreffend gebruik word om die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevoordeel deur:

- te fokus op die term produktiwiteit wat die verwantskap tussen reële uitset en een eenheid van faktorinset weerspieël ✓✓
- aanwending van produktiwiteit syfers om loonvlakke van werkers aan te pas / baseer die loon onderhandelinge op die produktiwiteit van werkers ✓✓
- aanwending van relevante formules om produktiwiteit van werkers te meet op 'n gereelde basis bv. deel reële BBP deur die aantal werkers in diens vir 'n aantal jare en stel 'n indekssyfer vas vir elke jaar ✓✓
- versekering dat 'n styging in arbeidsproduktiwiteit bo die toename in loonvlakke sal wees wat die inflasiedruk sal verlaag, omdat groter produksie teen laer eenheidskoste gelewer is ✓✓
- vaste beskikbaarheid en gebruik van relevante aanwysers wat werkgewers in besluitneming sal bevoordeel ✓✓
- stygende mededinging in markte wat sal lei tot hoë produktiwiteitsvlakke van al vier produksiefaktore ✓✓
- bewusmaking van studente rakende werksetiek – die effek van hoër produktiwiteit wat mag deursyfer na die werksplek ✓✓
- beter gebruikmaking van verbeterde tegnologie, innoverende gebruik van fabriekspasie, investeer kreatief in skaars entrepreneursvermoëns, bekwaamheid ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word as produktiwiteit oor die algemeen bespreek is) (Maks 26)

**SLOT**

Konsekwente analise van saamgestelde aanwysers kan beide die owerheid en sakesektor 'n duidelike beeld gee waarheen die ekonomie op pad is sodat hulle vir die toekoms kan beplan ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander relevante hoër orde antwoord) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**